# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

15 Augustus 2021



**www.gkcachet.org.za**

| Afrikaanse Eredienste | English Worship Service |
|---|---|
| Sondae 09:30 en 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op<br>NWU Kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays 10:45<br>In the Church House on the<br>NWU Campus, 28 Hoffman Street |
| **Kerkkantoor** | **Predikante** |
| Dinsdae en Vrydae 08:30-12:00<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894;<br>079 4949 7360 | Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;<br>brahmrobinson@gmail.com<br>Ds Noah Kim – 082 593 6428;<br>solaprochristo@hotmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):**
Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

**Koster en PowerPoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Vervoer na eredienste en kerkaksies:**
Stephan Oosthuizen –
084 350 1569

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

**Erediens preke en oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

# Oggenddiens

## Barend van der Westhuizen

**Skriflesing: Psalm 131**

**Tema: Die Here alleen gee rus; berus in Hom vir ewig en roep ander op om alleen in die Here te berus**

Uitsending

# Aanddiens

## Prof Albert Coetsee

**Skriflesing: Deuteronomium 4:32-40**

**Tema: Die Here is geheel en al uniek! Dien Hom heelhartig**

Uitsending

# Preekskets (Aanddiens)

Sekere gedeeltes in die Bybel staan eenvoudig net uit. Deuteronomium 4:32-40 is een van hierdie gedeeltes. Hierdie treffende gedeelte bestaan uit drie dele of bewegings.

Die eerste vind ons in vers 32-35. Dit lei Israel om na te dink oor wat met hulle gebeur het in die verlede, en dan bring dit hulle tot 'n gevolgtrekking in vers 35.

Die tweede beweging vind ons in vers 36-39. Ook hierdie gedeelte lei Israel om na te dink oor wat met hulle gebeur het – spesifiek dan *hoe* hierdie dinge gebeur het en *hoekom* – en eindig dan met dieselfde gevolgtrekking as die eerste beweging in vers 39.

Die derde en laaste beweging vind ons in vers 40, wat aandui wat die gepaste reaksie is op al die vorige verse.

In kort hoor ons in Deuteronomium 4:32-40: Die Here is geheel en al uniek! Sy openbaring is uniek. Sy verlossing is uniek. Die rede vir sy openbaring en verlossing is uniek. Die aard van sy openbaring en verlossing is uniek. So was dit vir Israel en so is dit vir ons. God se openbaring en verlossing in Christus is geheel en al uniek! Gevolglik is daar maar net een manier hoe ons hierop kan antwoord: deur die Here met ons hele hart te dien en te gehoorsaam.




## ***Lief en Leed:***





## **Liefdegawes:**

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

<table>
<tr><th colspan="2">Vir die werk van die diakonie:</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Snapscan vir die eerste kollekte:<br><br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287</td><td>Oggend 1ste kollekte:<br>Bystandfonds (GKSA)</td></tr>
<tr><td>EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Bystandfonds (GKSA)<br>(deponeer elke kollekte apart)</td></tr>
<tr><th colspan="2">Vir die werk van die diakonie:</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Snapscan vir tweede kollekte:<br><br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324</td><td>Aand 2de kollekte:<br>Instandhouding van die Erediens</td></tr>
<tr><td>EFT vir kollektes:<br>GK Cachet diakonie<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Instandhouding van die Erediens<br>(deponeer elke kollekte apart)</td></tr>
</table>

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE:

**15 Augustus Zard Aucamp**



**18 Augustus Leandré Steenberg**

**20 Augustus Janco Oosthuizen**

Loof Hom by die heugenis van sy Naam wat lieflik is.

Psalm 135:1d

# Administratief

## 1. Nagmaal



Ons vier DV nagmaal die 15de Augustus.

## 2. Ampsdraers

Broeder Willem van der Meer sal hierdie Sondag tydens die aanddiens erevolle ontslag uit die amp van ouderling ontvang.



## 3. Katkisasie

Ons benodig hulp-kategete wat van tyd tot tyd kan instaan om die katkisasie vir die kinders aan te bied. Laat weet asseblief vir Lida as jy kan help – plekke is min, so julle moet spring!



## 4. Koningskinders

Koningskinders is 'n uitreik na minder bevoorregte kinders in Potchefstroom. Ons hou aksie waar ons aan hulle die geleentheid gee om te speel, eet en die evangelie met hulle te deel. Indien jy belangstel om te kom help, kontak asseblief vir Prieur du Plessis (071 686 4586).

## 5. Boufonds

Ons wil graag die gemeente weer aanmoedig om by te dra tot die boufonds, sodat ons die Gemeentesentrum (GS) kan klaar bou.



## 6. Ds Brahm verlof

Ds Brahm is tot die 23ste Augustus met verlof. Kontak asseblief Ds Noah of u wyksouderling indien nodig.



CACHET
GEREFORMEERDE KERK

Gereformeerde Kerk Cachet
Hoffmanstr. 28
018 299 2588
079 494 7360
admin@gkcachet.org.za
Posbus 20123
Noordbrug
2522
Potchefstroom
www.gkcachet.org.za
fb: Gereformeerde kerk Cachet

## Fondsinsameling: Cachet Bouprojek

Liewe gemeente,

Ons wil graag ons GS klaar bou deur die gedeelte agter die preekstoel uit te breek. Die spasie sal sodonde verdubbel word. Dit behoort ongeveer R350 000 te kos. Hoewel dit na baie klink, vertaal dit na R200 per lidmaat per maand vir die volgende vyf maande. (Moet asseblief nie dat dit jou bydraes afskeep nie.)

Ons vra elke lidmaat om ons asseblief hierin te ondersteun. As elkeen sy deeltjie doen is dit eenvoudig. Ons besef dat dit nie altyd moontlik is vir studente nie, maar vra daarom asseblief vir die oom of tannie wat altyd graag help. Hulle kan gerus ook meer gee, aangesien ons ook nog die binnekant moet afrond waarvoor daar nog nie begroot is nie.

Die rekening vir die boufonds is die volgende:

**Filadelphia**


**ABSA Tjekrekening**

**679230085**

**Tak 632005**

# Fondsinsameling: Cachet Bouprojek

# Die bedrag so ver:







Sustersaksie
17 Augustus 2021
Cachet
Gemeentesentrum
(GS)
18:00
Onthou jou
oefenklere,
handdoekie en
waterbottel!
1 TIMOTEUS 4:8
OEFEN JOU IN (EN VIR) DIE GODSALIGHEID




Whatsapp-groep




[Tafeltennis Inskrywing]




[Gemeentekamp Inskrywing]


AANSOEKE VIR
Jubilavoorsitter
NOU OOP
KONTAK ESTMIA - 078 625 7400
AANSOEKE SLUIT 22 AUGUSTUS 2021

# DRINGENDE KENNISGEWING –

# KO Art 66 Oproep vir 'n Dag van Verootmoediging

# 15 Augustus 2021

Klassis Potchefstroom roep kragtens KO art 66, na aanleiding van 'n versoek van die GK Randburg, al die kerke in die GKSA tot 'n dag van verootmoediging en gebed op Sondag 15 Augustus op.

Die motivering vir die dag is soos volg:

1. Die Covid-19 pandemie wat die wêreld geruk het en ook in Suid Afrika en Namibië die GKSA diepe hartseer veroorsaak het.
2. Die ongebreidelde kriminaliteit en plundery van winkels en infra-struktuur wat Suid Afrika die afgelope tyd teister. Voorbidding word veral gedoen vir die gemeentes en gemeenskappe in KZN en Gauteng wat intens hierdeur geraak is.
3. Stryd teen misdaad, ekonomiese bemagtiging van groot dele van die bevolking, tussen-etniese versoening en verbetering van owerheidsdienste en handhawing van wet en orde.
4. Dank vir milde reën oor groot dele van die land, maar ook 'n smeking vir genoeg reën vir droë gebiede soos dele van die Oos-Kaap en die Noord-Kaap is nodig.
5. Groter respek vir die skepping en die stryd teen uitbuiting van die natuur.

Allereers, en voor enige gebedsversoeke, gaan dit oor lof aan God vir Sy genade jeens die sondige mensdom, en diepe verootmoediging en bepleiting van ons sondeskuld op grond van Christus se eenmalige kruisoffer.

SINODALE DEPUTATE: BYBEL
van die
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Anemoonweg 8, Glen Marais | Posbus 2002, Kempton Park, 1620 | dekker@biblesociety.co.za | Tel: 011 970-4010 | Faks: 011 970-2506
Maatskappy sonder winsoogmerk | maatskappy registrasieno 2008/007505/08

Geagte broeders

Die baie kort video het ten doel om u gemeente by te staan met u fondsinsamelings vir "Bybelverspreiding".

Die gedagte is om lyf of visie te gee aan die konsep sodat lidmate verstaan wat "Bybelverspreiding" beteken en die Bybelwerk wat daarmee gepaard gaan en dat dit nie 'n leë idee is wat nie veel waarde het nie.

Die "**2-miljoen Bybels projek**" is juis die beeld om voor oë te hou as ons praat oor Bybelverspreiding en ek probeer dit in die video kortliks verduidelik.

Ons versoek is dat u, soos baie gemeentes reeds onderneem het, om die video vir u WhatsApp groepe in die gemeente aan te bied.

Ek doen die beroep omdat ek weet u gemeente die Bybelgenootskap se Visie voorstaan nl.: "**'n Bybel vir elkeen**".

Hartlike dank en Seëngroete!

**Hennie Dekker**
Deputate Bybel

2 Miljoen Bybel vir Suid-Afrika

200 1820 - 2020
2 MILJOEN • BYBELS-PROJEK •
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

# Die Kerkblad

## GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

• Posbus 20008, Noordbrug 2522 • Tel. 018 297 3986 • Faks 018 293 1042 •
E-posadres: kerkblad@gksa.co.za •

31 Mei 2021

Eerwaarde Voorsitter en lede van die kerkraad, brs en srs,

Die Redaksie van *Die Kerkblad* groet u in die Naam van ons ewige Koning, ons Here Jesus Christus.

In sy groot genade het ons troue Verbondsgod wonderlike uitkoms beskik ná ons vorige versoek om finansiële bydraes. Ons bring aan Hom al die eer. Ons opregte dank ook aan kerke en individuele lidmate, wie se bydraes ons gehelp het om die opgehoopte skuld van *Die Kerkblad* te delg.

Na die positiewe reaksie kyk ons in kinderlike geloof, met moed en idealisme na die pad vorentoe.

Die Redaksie is tans besig om indringend te besin oor die toekoms. Dit behels veral twee sake, naamlik 'n moontlike nuwe versendingsmetode en 'n grootskaalse bemarkingsveldtog. Enige toekomsbeplanning is egter volledig afhanklik van die samewerking van elke dominee, kerkraad en lidmate. Daarom vra ons asseblief u dringende aandag aan en hulp met die volgende sake:

**Inligting ten opsigte van intekenare**

Die redaksie oorweeg dit om mettertyd al hoe minder van die Poskantoor se dienste gebruik te maak in die lig van swak diens wat dikwels ervaar word, maar ook om koste bespaar. Daarom oorweeg ons dit om mettertyd oor te skakel na groepsintekening, waar *Die Kerkblad* per koerier by elke gemeente afgelewer word. Ten einde hierdie plan suksesvol in werking te stel, versoek ons u dus om ons asseblief van die volgende inligting oor intekenare in u gemeente te voorsien:

- Voorletters, naam en van van intekenaar
- Gemeente
- Telefoon/selfoonnr van intekenaar
- E-posadres van intekenaar
- Hardekopie of digitale intekening
- Straatadres of posbusnommer waar die groepsintekening afgelewer moet word
- Kontakbesonderhede van die skakelpersoon in u gemeente

U kan die inligting asseblief per e-pos stuur na kerkblad@gksa.co.za

**Grootskaalse bemarking**
Die tweede saak waarvoor ons u hulp benodig, is die werwing van nuwe intekenare. Op die oomblik is die gemiddelde aantal intekenare per gemeente minder as vier. Dit is baie verontrustend. Alhoewel ons begrip het vir die ekonomiese situasie asook die feit dat ons lidmate van alle kante deur 'n verskeidenheid van media oorlaai word, is ons oortuig dat daar steeds 'n behoefte is aan 'n blad soos *Die Kerkblad* wat die Bybelse waarhede op 'n unieke wyse probeer uitdra. Ons sien ook in die positiewe reaksie op ons versoek vir finansiële bydraes die bewys dat ons kerke en lidmate die oortuiging vir die voortbestaan van *Die Kerkblad* deel.

Die onmiddellike mikpunt van die redaksie is om die aantal intekenare te verdubbel. Ons is van mening dat dit, in die lig van die klein aantal huidige intekenare, nie onrealisties is nie. Indien dit realiseer, sal soveel meer lesers bereik word met die Bybelse waarhede en toegerus word om vanuit hierdie waarhede die uitdagings van ons tyd te hanteer. Verder is ons afhanklik van soveel intekenare as moontlik, ten einde die styging van drukkoste en intekengeld in die toekoms te beperk, en so die voortbestaan van ons blad te verseker.

Ten einde u behulpsaam te wees met die bemarking, kan ons aan u 'n aantal gratis kopieë van vorige uitgawes beskikbaar stel vir verspreiding, asook 'n "bekendstelling" van *Die Kerkblad* wat in u gemeenteblad geplaas kan word (aangeheg by hierdie skrywe).

Ons neem ook weereens die vrymoedigheid om te vra vir u volgehoue voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons is volledig afhanklik van die wysheid, leiding en genade van ons troue Verbondsgod.

Baie dankie vir u hulp en samewerking. Ons sien uit na u antwoord op hierdie skrywe en hou u op hoogte van enige verwikkelinge.

Hartlike groete,

*CFC Coetzee*

PROF. CFC COETZEE (redakteur, namens die Redaksiekommissie)

SR. J FOURIE (skriba van die Redaksiekommissie)

maandeliks. gratis. gereformeerd
PAD e-tydskrif
WWW.KRUISPAD.NET




**Hoe identifiseer ek valse wonderwerke?**

Ons kyk hier na drie gedeeltes in die Bybel om te sien hoe God hierdie vraag vir ons beantwoord sodat ons vals wonderwerke en profete kan raaksien.




**Mag ek vir 'n wonderwerk bid?**

Wanneer jy wonder of jy vir 'n wonderwerk mag bid, bring dit dadelik die vraag by ons op of wonderwerke vandag nog gebeur. Lees meer hier.




As followers of Christ we are not acquitted from experiencing loss, however we have been promised the Lord's presence during such difficult times.

Join us for a series of three webinars and learn how you can grow in faith during times of loss.

## 1. Experiencing Loss

16 August 2021
19:00 - 20:15
Facilitated by Dr Nelia Drenth & Prof Gert Breed

## 2. Safe Places in Loss

23 August 2021
19:00 - 20:15
Facilitated by Prof Gert Breed

## 3. Opportunity for the Cross in Times of Loss

30 August 2021
19:00 - 20:15
Facilitated by Prof Naas Ferreira & Prof Derrick Mashau

061 519 6166 | kantoor@gksamissio.co.za
www.subscribepage.com/x2q1v1

GKB gereformeerde kerk brooklyn

expando

# GK Cachet Kalender: Augustus 2021

CACHET 50 years
GEREFORMEERDE KERK
REFORMED CHURCH

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Aug. | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15<br>Gemeente-ete (Susters) @ 12:00<br>Nagmaal @ 18:00 | 16 | 17<br>Koffiekroeg @ 19:00<br>Susteraksie @ 19:00<br>Broeder braai @ 19:00 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27<br>Gemeentekamp | 28 |
| 29<br>Gemeente-kamp | 30 | 31<br>Koffiekroeg @ 19:00 | | | | |